

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 16 Mei 2021

VOTUM

Ek het die Here lief,
want Hy verhoor my smeekgebede.
²Hy het na my geluister
toe ek Hom aangeroop het.
³Bande van die dood het my omsluit,
doodsangs het my aangegryp,
ek het benoud en bekommerd geword.
⁴Toe het ek die Naam van die Here aangeroop:
“Here, red my tog!”
⁵Die Here is genadig en regverdig,
ons God ontferm Hom oor ons.
⁶Die Here beskerm die hulpeloses:
ek was magteloos, maar Hy het my gered.

SEËNBEDE

Aan die gemeentes van God en aan almal wat aan die Here behoort:
Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

SKRIFLESING EN GEBED

Teks: Hebreërs 1:1-2:4

Tema: Stewig geanker in stormagtige weer!

1. DIE STAD ALEXANDRIË EN JOODSE GEMEENSAP

- Alexandrië is in 331 vC deur Alexander die Grote gestig en het die intellektuele en kulturele sentrum van sy tyd geword.



- Die stad was bekend vir die grootste biblioteek en vuurtoring van die antieke tyd asook sy groot, maar uiters gevaarlike hawe.



- Daar was ook 'n groot Joodse bevolking in die stad en baie van hulle het christene geword. Hulle het op 'n stadium deur 'n baie moeilike tyd gegaan en druk is op hulle toegepas om die christendom te versak en terug te keer na hulle Joodse wortels. Van hulle het reeds hulle bande met die christendom begin losmaak. Hulle geestelike lewe was in stormagtige omstandighede:

- Hulle geloofslewe kon skipbreuk lei (2:1-4).
- Verharding, ongeloof en bitterheid tree in (3:7-19;12:15).
- Geestelike oppervlakkigheid het ingetree en hulle moes van vooraf die ABC van die christelike geloof leer (5:11-6:3).
- Geestelike moegheid en traagheid was aan die orde van die dag en hulle het hul entoesiasme vir die christelike geloof verloor (6:9-12; 12:1-3).
- Hulle het die bywoning van die weeklikse eredienste begin verwaarloos (10:24,25).



2. DRUK WORD OP HULLE GEPLAAS OM NA HULLE JOODSE WORTELS TERUG TE KEER.

- die tempeldiens,
- die daaglikse offers,



- viering van die Joodse feesdae,
- die Joodse reinigingspraktyke en
- die geloof in engele.

3. JOODSE GELOOF IN ENGELE.

Die Jode het geglo dat engele groter en invloedryker as Christus was en dat engele en nie Christus nie, direkte toegang tot God gehad het. Hulle het ook geglo dat engele mense se gebede na God toe neem:

- Engele het aan Abraham verskyn (Genesis 18).
- Engele was deel van die uittog uit Egipte (Exodus 14:19).
- Engele het die twee tafels van die Wet aan Moses gegee. (Hebreërs 2:1-4)
- Engele was deel van die intog in die beloofte land (Josua 5:13).
- Engele het 'n sleutelrol gespeel in die lewens van die Jode tydens die ballingskap. (Daniel 3:25 en 6:23).
- Gabriël was die boodskapper van God wat groot wêreldgebeurtenisse aangekondig het (Daniël 9:23-11:45), asook die geboorte van Christus (Lukas 1:26-38).
- Migael was die hoofengel van die Joodse volk (Daniel 10:13, 12:1). Hy was ook saam met sy engele verantwoordelik om die slang en sy engele uit die hemel te gooi (Openbaring 12:7-10).

4. DOEL VAN BRIEF. (HEBR. 13:22)

Die skrywer moedig die gelowiges aan om in moeilike omstandighede hulle band met Christus te verstewig en die versoeking te weerstaan om na hulle Joodse wortels terug te keer,

“Broers, dit is my dringende versoek: julle moet geduldig na hierdie woorde luister waarmee ek julle bemoedig het, al het ek dit net kortliks aan julle geskrywe.” (Hebreërs 13:22)



In die brief word die uniekheid van Christus bo die Joodse gebruike en die geloof in engele beklemtoon.

5. DIE UNIEKHEID VAN CHRISTUS: VERHEWE BO ENGELE. (HEB. 1:1-14)

- **Finale woord.**

Christus is die finale openbaring van God se universieële plan met die wêreld. In die outyd het God baie keer en op baie maniere met die voorvaders gepraat deur die profete. Maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.

- **Skepper en Erfgenaam.**

God het deur Christus die wêreld geskep en Hom daarna die erfgenaam van die nuwe wêreldorde en mensdom gemaak.

- **Refleksie van God.**

Christus is die "sonstraal" van die heerlijkheid (son) van God en die perfekte "afdruk" van Sy karakter.

- **Instandhouding.**

Christus dra die gewig van die wêreld op Sy skouers, is verantwoordelik vir die administrasie en ontwikkeling van die wêreld.

- **Volmaakte offer.**

Christus het as finale offer aan die kruis gesterf en bewerk deur Sy bloed volkome reiniging van sonde en genesing.

- **Heerser.**

Christus sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

- **Die unieke naam van Christus.**


Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, "Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: *"Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader,"* en ook: *"Ek sal sy Vader wees, en Hy sal my Seun wees"*



6. JOU BOOT BEVIND HOM OOK IN DIE STORMS: STEWIG GEANKER IN STORMAGTIGE WEER. (HEBR 2:1-4)

Die hawe in Alexandrië was lewensgevaarlik a.g.v. storms, sandbanke en rotse. Die skrywer gebruik hierdie bekende beeld om gelowiges aan te moedig om in stormweer hulle aan Christus te anker en nie die band met Hom los te maak nie:

- Geanker in Christus as God se *finale woord*;
- Geanker in Christus as *Skepper en Erfgenaam* van die nuwe orde;
- Geanker in Christus as die *perfekte refleksie* van God;
- Geanker in Christus as dié Een wat *ons dra* in stormagtige tye;
- Geanker in Christus as ons enigste *Verlosser en Koning*.



Moeilike tye is daar om bande te verstewig en nie los te maak nie. So word storms oorleef en ons bewaar van die vernietigende effek van skipbreuk.

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!



OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

Met trots geborg deur:



www.thepiecrew.co.za

THE PIE CREW
WINMORE

thepiecrew1@gmail.com
thepiecrew.winmore@gmail.com

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

